**LAERSKOOL BARBERTON**

**LAERSKOOL BARBERTON SE COVID-19 GEDRAGSKODE VIR PERSONEEL, LEERDERS EN OUERS.**

1. INLEIDING

Die doelwit van hierdie dokument is om duidelike en doelgerigte leiding te verleen vir die veilige hantering deur die voorkoming, tydige opsporing en beheer van COVID-19 te Laerskool Barberton.

COVID-19 is ‘n siekte wat veroorsaak word deur ‘n nuwe element van die Coronavirus en is ‘n nuwe virus soortgelyk aan “Severe Acute Respiratory Syndrome” (SARS) wat sekere simptome, soortgelyk aan ‘n gewone verkoue, kan die insluit. COVID-19 simptome is soos volg: koors, ‘n seerkeel, hoofpyn, geen smaak of reuk, droë hoes, kortasem, moegheid, ens. Meer enstige infeksies kan longontsteking of asemhalingsprobleme insluit. Hierdie siekte kan fataal wees in sekere gevalle. Hierdie simptome stem ooreen met griep of ‘n gewone verkoue, wat meer algemeen voorkom, as COVID-19.

Wanneer iemand wat COVID-19 positief is, hoes of uitasem, word besmette druppeltjies versprei na oppervlaktes en voorwerpe binne ‘n ±1,5 tot 3 meter radius. Mense kan met COVID-19 besmet word deur aan besmette oppervlaktes en voorwerpe te vat en dan hul neus, oë en mond aanraak. ‘n Onbesmette persoon kan besmet word met COVID-19 deur die besmette druppels, wat deur hoes, nies en uitaseming van ‘n besmette persoon veroorsaak word. Met ander woorde COVID-19 versprei op dieselfde wyse as griep. Meeste persone wat besmet is met COVID-19, ervaar ligte simptome en herstel. Ander ervaar egter meer ernstige simptome en mag gehospitaliseer word.

Die beskerming van kinders en opvoedkundige fasiliteite is veral belangrik. Voorsorgmaatreëls is noodsaaklik om die potensiële verspreiding van COVID-19 in die skoolopset te voorkom. Daar moet ook toegesien word dat sigmatisering van leerders en onderwysers wat aan die virus blootgestel is, te verhoed. Dit is belangrik om te onthou dat COVID-19 nie tussen grense, etniese groepe, gestremdhede, ouderdom en geslag onderskei nie. Laerskool Barberton sal aanhou om verwelkomend te wees en om ‘n inklusiewe en ondersteunende omgewing vir almal te skep.

Weens die erns van hierdie pandemie het Laerskool Barberton ‘n COVID-19 gedragskode ontwikkel en geimplimenteer vir onderwysers, leerders, ouers en enige peroon wat toegang tot die skoolterrein het. Dit is belangrik om daarop te let dat Laerskool Barberton ‘n gedragskode ontwikkel het om die veiligheid van die hele skoolgemeenskap te verseker en ons as ‘n skool het ‘n ‘geen verdraagsaamheid’ houding aangeneem teenoor individue wat nie voldoen aan hierdie gedragskode nie. Hierdie maatreëls wat ingestel is deur Laerskool Barberton, kan die uitbreking en verspreiding van COVID-19 verhoed, deur leerders en onderwyser wat blootgestel was aan die virus.

2. **DIE VOORKOMING EN MOONTLIKE VERSPREIDING VAN COVID-19**.

Soos met ander respiratoriese infeksies soos griep of ‘n gewone verkoue, is openbare gesondheidsmaatreëls krities om die verspreiding van die siektes te bekamp. Die volgende

basiese beginsels kan help om leerders en personeel by die skool te beveilig en sodoende help om die verspreiding van die siekte te stop.

Aanbevelings vir ‘n gesonde skool is:

Leerders:

- Siek leerders mag onder **GEEN** omstandighede skool toe kom nie.
- Leerders wat afgeboek is deur ‘n dokter sal ‘n doktersbrief/of afwesigheidsbrief MOET indien sodra die leerder na die skool toe terugkeer.
- Bevorder sosiale afstand (‘n term toepgepas aan sekere aksies wat geneem is om die verspreiding van die hoogs-aansteeklike siekte te verlangsaam, ingesluit ook die beperking van groot groepe mense wat bymekaar kom).
- Handewas-stasies met seep en water, alkohol-gebaseerde handreinigers sal by die ingange en uitgange, en naby toilette ingeinstalleer word en sal onderhou word.
- Alle buitemuurse aktiwiteite, ingesluit sport, kultuur, pretdae en uitstappies sal plaasvind volgens Departementele regulasies.
- Saalopening kan slegs plaasvind indien Departementele regulasies dit toelaat.
- “WhatsApp”-groepe sal voortgaan en gebruik word per graad om meer effektief met ouers te kommunikeer.
- Leerders wat simptome van griep toon, sal geskei word van die res van die leerders en personeel in die isolasie area en ouers sal dan gekontak word om hul kind te kom afhaal by die skool.
- Skoolbywoning van leerders sal gemonitor word.
- Fisiese kontak WORD NIE TOEGELAAT NIE.
- Leerders mag ook hul eie saniteerder skool toe bring sodat hul hul hande op ‘n gereelde basis kan ontsmet.
- Elke leerder mag ook hul eie gesaniteerde “wet wipes” of toiletpapier saambring om hulle banke te ontsmet gedurende die dag.

Personeel:

- Siek onderwysers en personeel **MAG NIE** skool toe kom nie.
- Personeel wat siekverlof ontvang het, moet ‘n doktersnota of sieknota by hul terugkeer skool toe inhandig.
- Plakkate t.o.v. Laerskool Barberton se Covid-19 Bestuursplan, sal uitgestal word in die skool.
- Personeelvergaderings sal in die skoolsaal gehou word.
- Alle personeelsaamtrekke of – geleenthede sal plaasvind volgens Departementele regulasies.

Algemeen

- Voed die skoolgemeenskap op deur deurlopend te kommunkeer oor hoe om die verspreiding van Covid-19 te voorkom.
- **NIEMAND** (leerders, personeel en ouers ingesluit) sal toegelaat word om toegang tot die skool te verkry, sonder dat ‘n masker gedra word nie.
- Almal wat die skoolterrein van Laerskool Barberton betree, sal toegang tot ‘n ontsmettings-middel hê. Sanitering is verpligtend.
- Alle oppervlaktes (bv. tafels), en ander voorwerpe (skryfbehoeftes, telefone, sleutelborde, ens.), sal gereeld met ‘n ontsmettingsmiddel afgevee word.

- Die Bestuur sal die gereelde was van hande met seep en water/alkohol/invryf van saniteerder of chlooroplossing afdwingbaar maak en ‘n daaglikse skoonmaak en ontsmetting (deur die Departement voorsien), van die skooloppervlaktes verseker.

## 3. **GESIGMASKERS**

Die gebruik van gesigmaskers

‘n Masker moet te alle tye gedra word. Maskers **MAG NIE** gedeel word nie. Laasgenoemde moet met sorg hanteer word wanneer dit opgesit en afgehaal word omdat die buitenste deel besmet mag wees en jou hande sodoende besmet wat die virus weer na jou neus en oë kan versprei.

a) Was jou hande deeglik voordat jy jou masker opsit.
b) Plaas die masker met die regte kant voor op jou neus en mond sodat albei dele deeglik bedek is.
c) Bind die toutjies agterom jou kop vas of plaas die rekkies om jou ore. Maak seker dat die masker styf sit.
d) Maak seker dit pas volgens voorskrif.
e) Moenie weer aan die masker raak nadat jy dit opgesit het nie - eers wanneer die masker afgehaal word.
f) Wanneer die masker afgehaal word, maak die bandjies los en vou die masker dan versigtig binnekant buitekant of hou dit aan die bandjies vas. Plaas die masker daarna in ‘n spesifieke houer/sakkie sodat die masker by die huis gewas kan word.
g) Weggooibare maskers moet na ‘n enkele drasessie weggegooi en nie weer gedra word nie.
h) Was jou hande en droog dit deeglik af voordat jy weer iets anders gaan doen.
i) Was jou lapmasker daagliks om die kanse te verminder dat jy besmet word met bakterieë en virusse.

Hoe om die masker te versorg

a) **Elke persoon** moet ten minste **2 maskers** hê sodat jy ‘n skoon masker gereed vir gebruik sal hê.
b) Hand- of masjienwas die masker daagliks in seep en warm water (so warm as moontlik). Spoel goed uit en laat droog wrd.
c) Stryk jou masker – dit is die goedkoopste en veiligste. As jy nie ‘n yster besit nie, plaas die masker op ‘n metaalplaat buite in die son, met die binnekant bo.
d) Moet nie die masker in chemikalieë laat lê nie omdat dit in die masker geabsorbeer word en dan ingeasem kan word wat die asemhalings-kanaal kan beskadg.

## 4. **BEVORDER DIE DEEL VAN INLIGTING**

Inligting rakende COVID-19 en ander regulasies sal met die personeel, ouers en leerders gedeel word. Dit sal opgedateerde inligting oor die siektetoestand, insluitend die voorkoming en kontrole daarvan by die skool insluit. Normale kommunikasiekanale sal gevolg word. Leerdervrae en -bekommernisse sal deur die personeel hanteer word. Opvoedkundige materiaal sal op die skoolgronde uitgestal word.

## 5. VEILIGHEID VAN LEERDERS, PERSONEEL EN OUERS

- Was van hande en ontsmetting sal afgedwing word.
- Ontsmet jou eie spasie.
- Grondpersoneel/werkers sal klasse, gange en kantore aan die einde van elke dag ontsmet, veral die hoë risiko oppervalktes soos trappe, deurknoppe en badkames.
- Handsaniterings-stasies sal by die badkamers beskikbaar wees.
- Sosiale distansiëring moet te alle tye volgehou word.
- ‘n Aangepaste akademiese rooster sal aan alle leerders gegee word. Die aangepaste rooster en spesifieke tye sal betyds gekommunikeer word.
- Leerders bly tydens lesaanbiedings in hul geallokeerde klasse en personeel sal van klas tot klas beweeg.
- ‘n Afstand van 1,5 meter tussen leerlinge en die onderwyser sal in die klaskamer gehandhaaf word.
- Dit is belangrik dat leerlinge wat siek is, nie die skool sal bywoon nie. Ons prioriteite is om skool se akademiese jaar suksesvol te voltooi met al ons leerders.
- Leerders en onderwysers wat siek voel of is, MOET asseblief tuis bly. Indien daar ‘n vermoede bestaan dat so ‘n persoon dalk COVID-19 onderlede het moet die persoon dadelik getoets word vir COVID-19 en die skool **MOET** in kennis gestel word en dit **MOET** by die Departement van Gesondheid aangemeld word.
- Deeglike inligtingsessies vir leerders sal geimplementeer word. Goed-ingeligte leerders sal die stigma van leerders bekamp.
- Die temperature van alle onderwyers, personeel en leerders sal elke oggend geneem word en hulle sal die nodige mediese vrae moet beantwoord.
- Onderwysers en leerders wat met COVID-19 besmet is, MOET volgens wet by die Departement van Gesondheid aangemeld word. In sulke gevalle is dit nodig om die spoor te kan volg met wie die persoon in kontak was om sodoende die verspreiding van die virus te bekamp.

## 6. PROTOKOL VIR DIE AANKOMS VAN LEERDERS BY DIE SKOOL.

- Leerders moet by die skool aanmeld tussen 06:45 en 07:30.
- Graad 4-7 leerders gebruik die hoofingang naby die swembad in Stanleystraat.
- Graad 1-3 leerders gebruik die hek agter die skoolsaal.
- Leerders wat die skoolterrein binnegaan nadat “screening” voltooi is, sal direk na hulle klaskamers beweeg. Sosiale afstandsbeheer moet te alle tye gehandhaaf word. Hulle mag nie nader aan mekaar beweeg as die 1,5 meter (kolle) op die terrein nie.
- Alle passasiers in ‘n voertuig **MOET** ‘n gesigsmasker dra. (**GEEN MASKER, GEEN TOEGANG**)
- Sodra leerders uit die voertuig klim moet hulle aantree op die aangeduide kolle op die sypaadjie en wag vir “screening”.
- Wanneer meer leerders van die ander grade skool begin bywoon sal die toegangspunte vermeerder word en ons sal ouers en leerders op hoogte hou van nuwe verwikkelinge.

Leerders moet die volgende vrae lees en beantwoord:

1. Hoes jy?
2. Het jy koors?

3. Is jy kort van asem?
4. Het jy ‘n seer keel?
5. Was jy die afgelope 10 dae in kontak met iemand wat met die Coronavirus (COVID-19) besmet is?
6. Vrae sal aangepas word vir jonger leerders.

* Indien ‘n leerder nie negatief geantwoord het op al die vrae nie, sal hy/sy na die isolasiekamer gestuur word.
* Sodanige leerder se ouers sal gekontak word sodat die ouer dadelik die leerder kan kom haal by die skool.
* Indien die leerder by die skool aankom, tree hulle aan op afgemerkte kolle buite die skoolterrein en die volgende prosedure word gevolg:

  - Leerders se hande word ontsmet.
  - Leerders moet afstand van 1,5 meter handhaaf terwyl hulle koors gemeet en aangeteken word.
  - Vraelys word afgemerk en indien die leerder negatief antwoord op al die vrae, loop hy/sy deur ‘n tonnel wat ontsmettingsproei spuit.
  - Die leerders beweeg dan direk na hulle registerklas, as alles in plek is.

7. **<u>PROTOKOL VIR DIE AFHAAL VAN LEERDERS BY DIE SKOOL.</u>**

Riglyne sal per graad aan die leerders deurgegee word.

8. **<u>PROSEDURES WAT GEVOLG MOET WORD INDIEN ‘N PERSOON SIEK IS</u>**

- Leerders en personeel wat siek word by die skool of siek by die skool aankom, sal onmiddelik huis toe gestuur word.
- Die betrokke leerders of personeellid sal geisoleer word totdat die persoon die terrein verlaat.

9. **<u>GESONDHEID- EN HIGIËNE OPLEIDING</u>**

- Spesifieke opleiding i.v.m. die higiëniese program sal aan die leerders en onderwysers gegee word.
- **BENODIGDHEDE SOOS PENNE, LINIALE, UITVEëRS, BOEKE, ens. MAG GLAD NIE GEDEEL WORD OF IN DIE MOND GEPLAAS WORD NIE.**

10. **<u>SKOOLBYWONING:</u>**

Alhoewel ons leerders wat siek is met COVID-19 versoek word om tuis te bly, is dit van uiterste belang dat die gesonde leerders skool moet bywoon. Ons het kosbare akademiese tyd verloor tydens die inperking en daarom moet leerders nie onnodig afwesig wees nie.

11. **<u>DIE SKOOL SE STATEGIE INDIEN COVID-19 IN DIE SKOOL UITBREEK</u>**

- Dit sal onmiddellik aan die ouers deurgegee word.
- Die betrokke persone sal onmiddellik gestuur word vir COVID-19 toetsing.

- Die betrokke persone sal vir 10 dae in isolasie geplaas word en moet ‘n lys van name met wie hul in kontak was, kan voorsien.
- Die bestuur van die skool beskik nie oor die gesag om te enige tyd die skool te sluit nie, slegs die Departement van Onderwys beskik oor hierdie gesag.

## 12. **PROTOKOL OM TE VOLG NA HERSTEL VAN DIE COVID-19 INFEKSIE**.

Volgens inligting tot ons beskikking is die gemiddelde herstelperiode vir ligte simptome ongeveer 2 weke. In meer ernstige gevalle 3-6 weke.

Wanneer mag leerders weer rapporteer vir onderrig?

- Leerders wat simptome toon of positief getoets is vir die virus moet vir 14 dae nie skool bywoon nie.
- Na 14 dae of as leerder geen verdere simptome toon nie moet hy/sy weer gaan vir ‘n toetsing.
- Ouers/Voog van hierdie leerder moet die Hoof / Adjunkhoof inlig en ook voorsien van hierdie toetsing se negatiewe uitslag.
- Indien alle voorskrifte van die Departement van Gesondheid na gekom is, mag die leerder sy onderrig hervat.

## 13. **KONTAK DIE COVIT 19 DIENSLYN VIR ENIGE NAVRAE.**

Nasionale Dienslyn 0800 029 999 (NICD) Nasionale Instituut vir Aansteeklike Siektes.

## 14. **SOSIALE GESONDHEID VAN ONS PERSONEEL EN LEERDERS BY LAERSKOOL BARBERTON.**

- Ondersteuning van die emosionele- en- sosiale gesondheid van elke leerder en personeellid by hierdie skool is van kritieke belang om ‘n positiwiteit by elkeen te kweek.
- Programme word geloods om almal in ‘n kultuur van omgee en gesondwees te koester.
- Die Sosiale Werker ondersteun leerders en personeel om die Covit-19 – Pandemie te kan hanteer.
- Om die onnodige stigmatisering van leerders en personeel- wat dalk die uitdagings van die Pandemie in hul gesinne beleef, te kan hanteer is daar spesiale voorsiening gemaak vir:
    - Sosio Ekonomiese uitdagings in ons gemeenskap en
    - Afsterwe van familielede en die nodige ondersteuning.

## 15. **PROSEDURE WAT GEVOLG MOET WORD DEUR ENIGE BESOEKER AAN LAERSKOOL BARBERTON**

- Besoekers se temperatuur sal geneem word en gerekkordeer word.
- Ontsmetting van hande sal gedoen word by ontvangs van die besoeker.
- Geen besoeker sal toegelaat word op die perseel tensy hy/sy ‘n masker dra nie.

## 16. **DISSIPLINE**

Die Skoolreëls en Gedragskode, insluitend die Covid -9 Gedragskode, sal van toepassing wees. Sou u kind nie aan die nuwe prosedures en regulasies gehoor gee nie en as gevolg van hulle

gedrag ‘n ander persoon se lewe in gevaar stel, sal u geskakel word om u kind onmiddellik te kom haal. Indien u kind hom-/haarself hieraan skuldig maak, staan hy/sy ‘n kans om vir drie dae uitgesluit te word. Die huidige situasie waarin ons ons tans bevind, laat nie ruimte vir addisionele stres en gevaar nie.

17. **BELEIDSAANPASSINGS**.

Die Beheerraad behou die reg voor om van tyd tot tyd wysigings aan te bring aan die Beleidsdokument. Die Beleidsdokument is goedgekeur deur die Hoof (namens die personeel) en die Voorsitter van die Beheerraad (namens lede van die raad)

in Barberton op die ____________ dag van ___________________ 2021

___________________________ ___________________________

MNR R C NAUDE : PRINSIPAAL MEV L NIEUWENHUIS : VOORSITTER

SKOOL STEMPEL

________________________________ _____________

ME A T KHOZA : KRINGBESTUURDER DATUM

UMJINDI AMPTELIKE STEMPEL

Hersien: 11 Desember 2020